



God het Alles Goed gemaak

Het jy vandag al iets gesien wat baie wonderlik is?

As jy regtig al mooi rondgekyk het, *moes* jy al iets gesien wat wonderlik is. Daar is so baie wonderlike dinge rondom ons. Die groot ronde aarde waarop ons woon, is wonderlik. Die diep blou lug bokant ons is wonderlik.

Partydae dae is daar groot wit wolke, wat soos skepe daar bo in die lug rondseil. Die wolke is ook wonderlik. Hulle is gemaak van duisende druppeltjies water wat daar in die wind rondseil.

In die nag sien ons daar bo die mooiste blink sterre, duisende en duisende sterre.

Daar is pragtige blomme en bome. Daar is wonderlike mooi skoenlappers. Daar is verskillende soorte miere wat in groot miershope woon, of hulle huise diep onder die grond maak. In die woude woon daar hasies en eekhorinkies met sagte pelse. Daar is voëls wat sing en vlieg, en wonderlike nessies in die bome maak...

Ja die wêreld is 'n *wonderlike* plek!

Waarvandaan het alles gekom, die wêreld en al die wonderlike dinge wat ons sien?

Ons weet waarvandaan alles kom. Ons het uit die Bybel geleer dat *God alles gemaak het*. Lank, lank gelede het Hy alles gemaak. *In die begin...*

Voor daardie begin, lank gelede, was daar nog nie 'n lug nie. Daar was nog nie 'n wêreld nie.

Daar was nog geen wolke nie, geen bome, geen voëls nie. Daar was nog nie blomme nie. Daar was ook nog nie mense nie.

Maar *God* was wel daar. Hy is die *EK IS*, onthou jy nog? Hy was *altyd* al daar. En eendag het Hy al die wonderlike dinge begin maak, wat ons vandag kan sien.

Heel eerste het God die hemele gemaak, die hoë lug wat hoog bokant ons is en bokant die groot ronde aarde waarop ons woon.

Maar toe was die lug donker en die wêreld was ook nog donker.

Toe het God gesê, "*Laat daar lig wees!*", en daar was lig.

God is lig. Hy het lig in die wêreld gemaak, sodat ons *Hom* kan ken. Hy het ook die lig gemaak sodat ons al die wonderlike dinge wat Hy sou gaan maak, sou kan sien en daarvan geniet.

Hy het die oseane en mere en riviere gemaak. Hy het van die water op die aarde boontoe gestuur om wolke te wees.

Hy het die berge en die heuwels gemaak. Hy het die bome, die gras en die blomme gemaak. Hy het die klein voëltjies en die groot olifante gemaak. Hy het net 'n woord gespreek, en toe is hulle daar.

En *alles* wat God gemaak het, was *baie goed*. So groot is onse God!

Gesels hieroor:

1. Waar leer ons wie alles gemaak het?
2. Hoe kon Hy alles gemaak het as daar dan niks was om iets van te maak nie?

Die eerste verse in die Bybel lees:

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape."

(Genesis 1:1)

Wat ons kan lees:

Genesis 1:20-25

Hierdie lied help ons om te sien hoe wonderlik God alles geskep het:

(wysie: Op berge en in dale)

Die hoë Drakensberge,
die wye oseaan;
Die velde, koringlande,
ja alles jubel saam.
Die perdeby, die miere,
die leeu en likkewaan,
Die Hoep-Hoep en die Piet-my-Vrou
Verkondig God se Naam.

Sal ons nou ons oë toemaak en tot daardie groot God bid?

Gebed:

O God, onse Vader in die hemel, ons is so bly dat ons U Naam kan aanroep. Ons weet dat U na ons sal luister. Seën ons, o HERE, en help ons om U heilige Naam te eer en te verheerlik. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*